

21 Augustus 2017

Omsendbrief 23/2017

Dink nuut!

Geagte Ouers

A. SvdS/Paarden Eiland Renault Sportdag

Soos op die kwartaalprogram aangedui, vind ons jaarlikse sportdag eerskomende **Saterdag, 26 Augustus 2017**, op ons skoolterrein plaas.

Aangeheg vind u 'n volledige program van die rugby- en netbalwedstryde wat die dag plaasvind. Elke kind van ons skool wat gaan deelneem, gaan ook 'n brief van hul onderskeie afrigters ontvang.

Baie dankie aan al ons personeellede, afrigters asook die Ouerkomitee en hul helpers vir al die harde werk om die dag moontlik te maak. Dankie ook aan die van u wat u hulp aangebied het aan die Ouerkomitee. Indien daar nog van u is wat kan help met verkope, moet u asseblief die skool kontak.

Ons wil u hiermee hartlik uitnooi om die dag saam met ons te kom geniet. Heerlike verversings gaan te koop wees.

B. Algemeen

- Baie geluk aan ons skaakspanne met hul goeie vertonings die afgelope seisoen.
- Baie geluk aan Ashwin Wilson wat uitstekend gevaar het tydens die afgelope landloopseisoen en tot by die WP Kampioenskappe gevorder het.
- Hartlik geluk aan Simoné Jacobs wat in die Wes-Kaap gimnastiekspan opgeneem is wat in September aan die SA Kampioenskappe gaan deelneem.
- Baie van ons kinders het die afgelope tyd aan die klavierafdeling van die Kaapse Afrikaanse Eisteddfod deelgeneem en puik prestasies behaal. Daar lê nog heelwat optredes voor, onder andere klavier- en solosingitens asook die koorafdeling.
- Welkom terug aan mnr. G. van Wyk. Ons wens hom voorspoed toe met die herstelproses na sy onlangse knieervangingsoperasie.

Ons hoop om u almal Saterdag by die skool te sien.

Vriendelike groete

E.L. KÄSNER
SKOOLHOOF



RE/MAX
Premier Properties



RENAULT
Passion for life





RENAULT
Passion for life



RE/MAX
Premier Properties

RUGBY

TYD	OUDERDOM	SPANNE	SKEIDSREGTER
08:00 – 08:25	O/8 (A-Veld)	D vs SJ	WP
08:00 – 08:25	O/8 (B-Veld)	H vs AA	WP
08:30 – 08:55	O/9 (A-Veld)	SvdS vs SJ	WP
08:30 – 08:55	O/9 (B-Veld)	H vs D	WP
09:00 – 09:25	O/9 (A-Veld)	AA vs GS	WP
09:30 – 10:05	O/11	SvdS vs H	WP
10:10 – 10:45	O/11	GS vs D	WP
10:50 – 11:25	O/11	SJ vs AA	WP
11:30 – 12:05	O/13	D vs AA	WP
12:10 – 12:45	O/13	L vs RK	WP
12:50 – 13:25	O/13	KES vs H	WP
13:30 – 14:05	O/13	SvdS vs GS	WP

ONTHOU:

- Spanne moet 10 minute voor die aanvang van hul wedstryde gereed wees om te loot.
- Elke span moet 'n vlagman voorsien.
- **Tydsduur van wedstryde:**
 - O/8 - 10 minute aan 'n kant + 5 minute halftyd
 - O/9 - 10 minute aan 'n kant + 5 minute halftyd
 - O/11 - 15 minute aan 'n kant + 5 minute halftyd
 - O/13 - 15 minute aan 'n kant + 5 minute halftyd

AFKORTINGS:

SvdS - Laerskool Simon van der Stel
 KES - King Edward School
 GS - Groote Schuur Primary School
 SJ - St Joseph's College
 D - Laerskool Drakenstein
 RK - Laerskool Riebeeck Kasteel
 H - Hamiltons Rugbyklub
 AA - Atlantic Academy
 L - Linksfield Primary School



RENAULT
Passion for life



NETBAL



RE/MAX
Premier Properties

BAAN A: *O/11 Rondebosch-Oos & St. Joseph's speel een wedstryd op Baan 1

RONDTES	TYD	OUDERDOM	SPANNE
1	09:00-09:18	O/12	Riebeeck Kasteel vs Golden Grove
2	09:23-09:41	O/12	Bergvliet vs St. Joseph's
3	09:46-10:04	O/11*	Rondebosch-Oos A vs Golden Grove
4	10:09-10:27	O/12	Simon vd Stel B vs St. Joseph's
5	10:32-10:50	O/12	Rondebosch-Oos vs Golden Grove
6	10:55-11:13	O/12	Riebeeck Kasteel vs Bergvliet
7	11:18-11:36	O/12	Simon vd Stel A vs Golden Grove
8	11:41-11:59	O/12	Rondebosch-Oos vs St. Joseph's
9	12:04-12:22	O/12	Simon vd Stel A vs Bergvliet
10	12:27-12:45	O/12	Riebeeck Kasteel vs Rondebosch-Oos

BAAN B:

RONDTES	TYD	OUDERDOM	SPANNE
1	09:00-09:18	O/9	Golden Grove vs Simon vd Stel
2	09:23-09:41	O/11	Rondebosch-Oos B vs St. Joseph's
3	09:46-10:04	O/9	Golden Grove vs Rondebosch-Oos
4	10:09-10:27	O/7 & O/8	Simon vd Stel Geel vs Oranje
5	10:32-10:50	O/7 & O/8	Simon vd Stel Geel vs Oranje
6	10:55-11:13	O/11	Golden Grove vs Simon vd Stel
7	11:18-11:36	O/9	Rondebosch-Oos vs Simon vd Stel
8	11:41-11:59	O/11	Rondebosch-Oos A vs Simon vd Stel
9	12:04-12:22	O/11	Golden Grove vs St. Joseph's
10	12:27-12:45	O/11	Rondebosch-Oos B vs Simon vd Stel

- Speeltyd is 8 minute aan 'n kant met 2 minute rustyd tussen-in. Geen beseringstyd.
- Elke span voorsien eie skeidsregter en "bibs".
- Bring eie noodhulp vir klein beserings.
- O/9's speel met kort pale. O/11's kan self besluit– kort of lang pale en dit asb. self omruil.
- Alle wedstryde is vriendskaplik.
- Verversings te koop.
- Hou asb. stiptelik by die tye op die program.
- Baie dankie vir julle teenwoordigheid.